



AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1
AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1
AFRIKÁANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1

Tuesday 17 November 2009 (afternoon)

Mardi 17 novembre 2009 (après-midi)

Martes 17 de noviembre de 2009 (tarde)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Write a commentary on one passage only. It is not compulsory for you to respond directly to the guiding questions provided. However, you may use them if you wish.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- N'ouvrez pas cette épreuve avant d'y être autorisé(e).
- Rédigez un commentaire sur un seul des passages. Le commentaire ne doit pas nécessairement répondre aux questions d'orientation fournies. Vous pouvez toutefois les utiliser si vous le désirez.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Escriba un comentario sobre un solo fragmento. No es obligatorio responder directamente a las preguntas que se ofrecen a modo de guía. Sin embargo, puede usarlas si lo desea.

Skryf kommentaar op **een** van die volgende.

1.

Warm aand

Die onderwyspos wat my ma gekry het toe sy so skielik met siekverlof van die Ghaap se berge weg is, was iewers in die wye wêreld onderkant die Ghaap. Sy het eers by haar ma, Ouma Annie, uitgerus en toe weer die lang treinrit aanvaar.

5 Niemand op die Ghaap het geweet dat sy weer in die NoordKaap was nie. Dit was 'n aflospos in 'n moeilike eenmanskooltjie.

My ma kon glad nie met die rowwe huismense klaarkom nie. Saans het sy in die skoolhuis gesit en boeke merk en later by lanternlig terug huis toe gestap.

Dit was 'n vreugdelose skoolplaas waar nooit besoekers gekom het nie.

10 Een aand het sy van baie ver die geknars van karwiele en die geklap van perdepote hoor aankom. Die deure en vensters van die skoolgeboutjie was oop. Sy het gehoor hoedat die perdekar stilhou by die woonhuis, en hoe dit ná 'n ruk stadig aankom na die vertrek waar sy sit. Toe hoor sy hoedat die perdekar stilhou voor die hekkie, hoedat iemand afklim, die hekkie oopmaak en stadig met die sementpaadjie opkom.

'n Oomblik later staan Pieter van Zyl in die deur.

15 Hy is netjies aangetrek, maar lyk verwilderd, soos 'n man wat in die ry geslaap het. Hy groet haar nie, maar bly in die deur staan. Later sê hy: "Ek is vanoggend vieruur van die Ghaap af weg."

En toe: "Ek het perde omgeruil op Witklip."

20 My ma bly doodstil by die tafel sit, met haar potlood in haar hand. "Ek het gekom om jou te vra," sê hy, "of dit jou laaste woord was toe jy gesê het jy gaan weg. Ek moet weet."

"Dit was my laaste woord," sê my ma.

"Want dan gaan ek met Johanna Bester trou, al het ek haar nie lief nie. Ek kan nie meer alleen wees nie."

"Trou met haar," fluister my ma.

25 Miskien wou hy nog iets sê. Maar hy het nie. Hy het omgedraai en uit die flou ligkol in die donkerte uitgestap. Hy het die hekkie sag toegetrek agter hom en op die perdekar geklim. Hy moes die perde twee maal por voordat hulle hul terugpad weer gevind het op die donker aarde.

Petra Muller, *Desembers* (2007)

- Die woord *skielik* in die eerste sin laat die leser vermoed dat daar 'n komplekse stukkie geskiedenis agter die vrou se onverwagte vertrek skuil. Op welke wyse werp die res van die verhaal meer lig op die gebruik van die woord?
- Die frase *donker aarde* in die laaste sin behoort ook figuurlik geïnterpreteer te word. Hoe so?
- Eweneens moet die titel metafories gelees te word. Verduidelik.
- Wat openbaar die verhaal vir jou omtrent menslike verhoudings?

2.

Vrae aan die uil

Sal ek aan jou wat wys is my vrae
oor ons verrinneweerde aarde vra?
Is daar 'n gat in die dun osoonlaag?
Word die aarde warmer of kouer?
5 Waarom word die tropiese reënwoude
 uitgekap en gaan die iguana dood?
 Wie het gif op die liewenheersbesie
 in die roostuin gespuit en weggestap?
 Wie het die witkruisarend verwilder?
10 'n Slagyster vir die muishond gestel?
 Wie het die waterkoedoe skrikgemaak
 en sy moerasgebiede drooggelê?
 Wie het die swartrenoster afgemaai
 en sy horings bloederig uitgekap?
15 Wie sleep nog steeds kiefnette deur die see?
 Waar gaan die woestyne eendag eindig?
 Wie gaan die kind met kwasjiorkor voed?
 Sal 'n entstof teen vigs ooit gevind word?
 Hoe lank kan die aarde dit nog deurstaan?
20 Sal jy in jou wysheid kan antwoord gee?

Louis Marais, *Maste* (1990)

- Die digter suggereer dat menslike aktiwiteite en groter klimatologiese patrone intiem skyn verbind te wees in die degradering van die aarde. Kan jy verduidelik hoe dit saamvloei?
- Die digter spreek die uil aan wat die simbool van die dood sowel as die wysheid is. Watter twee van die simbole vind jy meer betekenisvol binne die konteks van die gedig?
- Hoe dra die konstruksie van die gedig by tot die groter betekenis van die gedig?
- Hoe sal jy die algemene toon van die gedig beskryf?